

HEKEL 'N LELIE- LAPPIE

BENODIGDHEDE: Ongeveer 2 bolle Omega Nr. 8 (50-g-bolle); hekelpen van 1,25 mm.

MATE: Ongeveer 35 x 35 cm.

AFKORTINGS: Ks – kettingsteek; kb – kortbeen; lb – langbeen; st(e) – steek(steke); sp(s) – spasië(s); blk(s) – blokkie(s); herh – herhaal; vlg – volgende; driesl – drieslagsteek

Spasie: 1lb om te begin; 2 ks, slaan 2 ste oor, 1lb om sp te voltooi.

Blokkie: 1lb om te begin; 1lb in elk van vlg 2ste, 1lb om bl te voltooi.

AANWYSINGS: Hierdie lappie word volgens diagram van lyn A-B tot lyn C-D gehekel. Die onderste en boonste puntjierand moet afsonderlik bygevoeg word, maar die puntjierande aan sykante word aangehekel soos jy vorder.

Begin met 290ks en plaas 1e lb in 8e ks vanaf hekelpen; hekel dan die blokkies-rand soos op diagram aangedui word, en eindig met 'n spasie.

Hekel volgens diagram tot lyn C-D bereik is en knip gare af.

RANDJIES (2): Begin met 8ks, 1lb in 8e ks, 3ks, draai.

2e ry: 1lb in elk van vlg 3 ste, (d.w.s., 1e blk gevorm), en vermeer nou 2 sps deur vir elke sp (2ks, 1driesl) te hekel, 3ks, draai.

3e ry: 1Sp bokant sp, 2blks, 3ks, draai.

4e ry: 3Blks, vermeer 1 sp, 3 ks, draai.

Hekel nou voort soos gestel, vermeer en vermin volgens diagram tot randjie teenaan onderste rand pas. Hekel tweede randjie op dieselfde manier en werk hulle met naald en gare aan lappie vas. ●



SLEUTEL TOT DIAGRAM

□ – spasie
x – blokkie

